PREEK
Sondag 2 September 2007
Ds Freddie Schoeman

Ons is besig om te kyk na die sewe lewensprobleme wat die Here deur middel van Psalm 23 aanspreek. Tot dusvêr het ons gekyk na bekommernis, na druk, na sielskade en na besluitneming.

Vandag kyk ons na 'n volgende lewensprobleem.

Kom ons kyk eers na 'n merkwaardige kenmerk van hierdie psalm. Eerste drie verse: derde persoon (Hy gee my nuwe krag … ens.) Vanaf die vierde vers vind daar 'n baie betekenisvolle skuif plaas: tweede persoon: U, is by my. Dit verander van 'n belydenis na 'n gebed; van woorde oor God, na woorde aan God.

Baie meer intiem, sprake van 'n baie diep, naby verhouding met die Here. Daar is 'n goeie rede hiervoor. Ek dink die Psalmis wou iets van ons groeiende verhouding met die Here uitdruk. Ons kan die Here erken as ons Herder, ons kan sy sorg en sy hulp en sy leiding in ons lewens raaksien, sonder om werklik in 'n diep, innige verhouding met die Here te leef.

Maar die Here het altyd die begeerte van sy kant af om naby aan ons te wees. Hy verlang daarna dat ons naby aan Hom sal leef. Dit is sy wil vir ons. Dit is hoe Hy dit graag wil hê. Daarom is Hy konstant besig om ons al nader aan Hom te trek – totdat ons in ons lewens die skuif maak van die derde persoon na die tweede persoon toe; van die Hy na die U.

En dit is ook betekenisvol dat dit juis op hierdie punt in die psalm gebeur – want nou begin die digter een van die diepste probleme van ons menslike bestaan aanspreek – die probleem van lyding en swaarkry. Hierdie psalm praat van donker dieptes (dal van doodskaduwee.) – Dit verwys na tye in ons lewens wanneer die dood sy skaduwee oor ons kom gooi; wanneer tragedie en teleurstelling, hartseer en pyn, mislukking en moedeloosheid deel van ons lewens word.

Wanneer ons na hierdie probleem kyk, dan is dit belangrik dat ons uit die staanspoor duidelikheid sal hê oor 'n paar sake:

- Dis onvoorspelbaar

'n Krisis gebeur enige tyd en dikwels wanneer jy dit die minste verwag en op 'n tyd wat dit die moeilikste is om te hanteer. Dis soos 'n pap wiel. Dit gebeur altyd wanneer jy op pad is iewers heen – en nege uit die tien keer is dit uiters ongeleë en ongerieflik.

'n Goeie dag en 'n goed uitgewerkte plan kan in 'n oogwink heeltemal ontaard: 'n telefoonoproep (brief, e-pos, SMS), 'n ongeluk, 'n kaping, 'n rooftog … ;

heeltemal onverwags, sonder dat ons kans kry om onsself daarop voor te berei.

- Dis onvermydelik

Slegte dinge gebeur met almal van ons. Slegte dinge gebeur nie net met slegte mense nie – dit gebeur ook met goeie, gelowige mense. Dit gebeur ook met kinders van God. Wanneer slegte dinge met ons gebeur is dit nie 'n aanduiding dat ons slegte mense is nie – dit is wel 'n aanduiding dat ons mens is.

"Hoekom ek? Hoekom gebeur dit met my?" Hoekom nie met my nie? Is ek so uitsonderlik en spesiaal dat ek eintlik daarvan gevrywaar moet word?

Selfs Jesus was nie daarvan gevrywaar nie. Hy het lyding en swaarkry ervaar. Hoekom dan nie ook ons nie? Hy het intense alleenheid en verwerping ervaar. Hoekom dan nie ook ons nie? Hy is misverstaan, mishandel en verraai. Hy het moegheid, moedeloosheid, en frustrasie ervaar. Hoekom sou ons dit dan vryspring?

Lyding en swaarkry word nie net vir sommige mense gereserveer nie.

- Dit is tydelik

Lyding en swaarkry is nooit permanent nie. Dit gaan altyd verby. Ons verkeer vir 'n tyd lank in die dal van doodskaduwee maar ons gaan altyd daardeur – en ons kom altyd anderkant uit. Dit is belangrik dat ons 'n ewigheidsperspektief sal ontwikkel. 2 Kor 4:16-17:

> *[16] Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. [17] Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.*

- Dit is betekenisvol

Die Here beskik oor die vermoë om uit dit wat lelik en sleg is iets moois na vore te bring. Dit wat vir ons leeg en sinloos lyk, kan die Here vul met besondere betekenis.

  - Deur middel van lyding kan Here vir wysheid gee – dieper insig in die lewe wat ons dalk nie andersins sou gehad het nie en wat ons goed te pas kan kom in die toekoms. Lyding is 'n leerskool.
  - Die Here kan ook ons lyding gebruik om vir ander mense iets te beteken – om genesing te bring vir ander mense wat seer en stukkend is.
  - Die Here wil deur lyding ons nader aan Hom bring en ons lewens met sy krag aan te raak en verander – en die vrug van die Gees in lewens laat ontkiem en groei: vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, getrouheid, selfbeheersing en nederigheid.

Wat moet ons doen in tye van swaarkry en lyding?

Weier om bang te wees

Dis 'n wilsbesluit: *ek sal nie …* . Maar dis nie 'n besluit wat uit eie krag geneem word nie. Want: U is by my. Omdat die Here by ons is gee Hy vir ons die krag om hierdie wilsbesluit te neem.

Glo dat jy by Hom veilig is

Dit beteken nie dat ons gevrywaar is van lyding en swaarkry nie, maar om in die hande van die Here te wees beteken wel dat Hy ons vashou in tye van lyding en swaarkry sodat wanneer ons struikel, Hy ons ophelp, wanneer ons wil gaan lê, dat Hy ons aanmoedig, en wanneer ons verstrik raak dat Hy ons uithelp. Om deur 'n dal van doodskaduwee te beweeg beteken dat ons op 'n punt begin, en dan deurbeweeg. Die Here loop die pad deur hierdie dal saam met ons tree vir tree. Hy los ons nie. Ons hoef nooit te wonder waar die Here is nie. Hy sal ons nooit los nie.

Besef dat skaduwee lig veronderstel

Wat lê agter 'n skaduwee? Lig. Daar kan nooit 'n skaduwee wees as daar nie lig is nie. As daar 'n skaduwee is, dan moet daar ook lig wees. Dis nie die lig wat die skaduwee veroorsaak nie. Iets blokkeer die lig. Maar hierdie iets kan nooit ooit die lig wegvat nie. Die lig is konstant. Dink aan wolke wat van tyd tot tyd voor die son inbeweeg. Dit veroorsaak tydelik skaduwee – maar dit skuif weer weg en dan breek die lig weer deur.

So gaan dit met tye van lyding en swaarkry. Soms lyk dit asof die lig heeltemal verdwyn het. Maar dit is nie so nie – agter die lyding en swaarkry is God – Hy is nooit nie daar nie. Hy is altyd konstant.

---ooo---000---ooo---

Kinders van die Here het altyd een groot voordeel bo ander, 'n ongelowige moet die donker paaie van die lewe alleen aandurf. Ons kan sulke tye met 'n innerlike kalmte en vrede tegemoet gaan want ons weet die Here los ons nooit nie – in sy hande is ons veilig!